

## **Aanbiddingsvers:**

**(22:28) Al die eindes van die aarde sal daaraan dink en hulle tot die HERE bekeer, en al die geslagte van die nasies sal voor u aangesig aanbid. (Psalm 22:29 AFR1953)**

**Sing vooraf:** Psalm 40:4 (p. 205)

- 4 Net om u wil te doen soos in u Boek / die wonderskrif wat nooit vergaan –  
dit klaar van my geteken staan, / dit wil ek, HEER, van ganser harte soek.  
Ek bied U hart en hande / in will'ge offerande – / al wat ek is en het;  
diep in my ingewand / waar liefde en ywer brand, / draag ek u heil'ge wet.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

**Amen.**

**Lofpsalm 147:1 (p. 704)**

- 1 Laat voor die HEER 'n lofsang rys! / Hoe goed is dit om God te prys!  
Hoe lieflik om die lof te sing, / die lof wat ons aan Hom moet bring!  
Want Hy wil ons in guns aanskou, / Hy wil Jerusalem herbou  
en Isr'el wat verstrooid nog swerf, / versamel op die heil'ge erf.

## **Gebed**

Ons dank U, Here onse God, dat U altyd u beloftes hou. Die hemel en die aarde is vir ons getuies van u onwrikbaarheid. Gee U ons die krag om op hierdie beloftes te bou.

Op hierdie Sondag dank ons U dat u mededoë ons uit die stof opgerig het waarin ons neergeslaan gelê het deur die krag van die duiwel. Dat U u Seun in die dood ingestuur het om met sy eie liggaam teen die satan te veg. Dat U Hom so in u raad gebruik het om vir ons die sonde te kon oorwin.

Daarom bid ons vandag met 'n jubellied in ons hart, omdat ons Here Jesus Christus weer uit die dood herrys het. Die doderyk was nie sterk genoeg om Hom gevange te hou nie. Nou kan ons weer lewe – dansy u barmhartige genade aan ons.

Lei elkeen van ons met u genade, om Christus wil.

**Amen.**

**Psalm 146:3, 4 (p. 700)**

- 3 Salig hy wat in die lewe, / sonder hulp en sonder raad,  
as hom alles wil begewe, / vlug tot God, sy toeverlaat;  
en ook in die swartste nag / op die HERE alleen bly wag.
- 4 Dis die HEER wat aarde en hemel, / die getuies van sy mag,  
met die see en wat daar wemel, / voortgebring het deur sy krag;  
wat, onwrikbaar in sy trou, / altyd sy beloftes hou.

**Skriflesing:** Daniël 12

**Teks:** Daniël 12:2

**En baie van die wat in die stof van die aarde slaap, sal ontwaak, sommige tot die ewige lewe en sommige tot groot smaadheid, vir ewig afgrysig. (Daniël 12:2 AFR1953)**

In die boek Daniël word die allerverskriklikste dinge geprofeteer.

- Oorloë en volkerebeweginge wat alles uitloop op die magsvertoon van die antichris – wat die kerk probeer vernietig.
- Dit kan tog nie die einde vir ons wees nie? Die vyand van God se kerk kan tog nie die laaste oorwinning behaal nie?

In hierdie laaste hoofstukke kry Daniël insig oor die laaste dae en die groot verlossing van die volk van God uit hierdie ewige stryd tussen die ryk van die satan en die ryk van God.

- Die boek Daniël openbaar aan ons die stryd tussen hierdie twee ryke, en hoe die duiwel elke keer misluk.
- Van Daniël en sy vriende kon nie kinders van die wêreld gemaak word nie – Sadrag, Mesag en Abednégo het geweier om hulle God te verloën en voor 'n beeld neer te val – ten spyte van 'n brandende vuuroond.
- Net so laat Daniël die satan nie toe om die kontak met sy God af te breek nie, al word hy met 'n leeu kuil gedreig.

Waarom word die antichris se werk so verydel?

- God antwoord Daniël dat dit is as gevolg van die feit dat die Here sy gebed verhoor.
- Dit geld dus ook ons gebede!

In hoofstuk 10 sê die engel vir Daniël:

**Toe sê hy vir my: Wees nie bevrees nie, Daniël; want van die eerste dag af dat jy jou hart daarop gerig het om ag te gee en jou voor die aangesig van jou God te verootmoedig, is jou woorde gehoor, en om jou woorde ontwil het ek gekom; (Daniël 10:12 AFR1953)**

Teenoor al die pogings van die satan sien ons die verlossing van God. Daar staan geskryf:

**En God het aan Daniël guns en barmhartigheid verleen by die owerste van die hofdienaars. (Daniël 1:9 AFR1953)**

**God het aan Daniël guns en barmhartigheid verleen . . .**

Met vreemde woorde teen die muur skryf God die einde van die antichristelike regering van Bêlsasar neer. Nog 'n oorwinning vir die ryk van God.

Daarna verbreed God Daniël se gesig sodat hy die einde van die stryd tussen God en die antichris kan sien.

- Alles eindig waar daar vir die gelowiges verlossing kom, en
- die ongelowiges gestraf word.

Wanneer sal dit gebeur? Dit is 'n vraag wat deur die eeue saam met die mens kom. Die dissipels het dit al vir die Here Jesus Christus gevra:

**En toe Hy op die Olyfberg gaan sit het, kom die dissipels alleen na Hom en sê: Vertel ons, wanneer sal hierdie dinge wees, en wat is die teken van u koms en van die voleinding van die wêreld?" (Matteus 24:3 AFR1953)**

Vertel ons **wanneer** . . .

Daar is 'n groeiende verlange by die kerkmense dat Christus moet kom – hulle wil weet of dit nog lank sal duur.

- Dit is hard om soos 'n gelowige te leef.
- Dit is bitter om altyd vir jou geloof te stry.
- Dis sleg om ter wille daarvan deur ander verag te word.

Wanneer sal daar 'n einde aan kom?

Daniël praat vir ons almal as hy vir die Here vra:

**En een (dit is Daniël) het aan die man, met linne bekleed, wat bo-oor die water van die rivier was, gesê: Hoe lank sal die einde van die wonderbaarlike dinge uitbly? (Daniël 12:6 AFR1953)**

Die triomf van die Here Jesus Christus word al in Daniël geopenbaar.

- Die evangelie van lewe staan al vir ons in die Ou Testament neergeskrywe.
- Die engel sê vir Daniël:  
**... maar in dié tyd sal jou volk gered word, elkeen wat in die boek opge-skrywe staan.”**  
(Daniël 12:1 AFR1953)

Maar daar hang ’n skadu oor ons wat lewe, voordat hierdie tyd aanbreek. Donker klink die woorde in Daniël se ore:

**En in dié tyd sal Mígael, die groot vors wat oor die kinders van jou volk staan, optree; en dit sal ’n tyd van benoudheid wees soos daar nie gewees het vandat ’n volk bestaan het tot op dié tyd nie; (Daniël 12:1 AFR1953)**

Hoor weer die woorde:

**... soos daar nie gewees het vandag ’n volk bestaan het tot op die tyd nie.**

Die Here Jesus Christus voorspel ook van die tyd waar Hy sê dat daar nie ’n verdrukking soos hierdie een sal wees van die begin van die wêreld af nie, en dat niemand gered sou wees as die dae nie verkort sal word ter wille van die gelowiges nie.

- Die martelvure sal weer vir die Here Jesus Christus brand.
- Kerk en erediens sal daar nie wees nie.
- Alleen dié wat die merkteken van die antichris dra, sal kan lewe.

Maar God maak tog ’n belofte aan Daniël:

**... maar in dié tyd sal jou volk gered word, elkeen wat in die boek opgeskrywe staan.”**  
(Daniël 12:1 AFR1953)

- In die tyd wat dit lyk asof die kind van God gaan beswyk onder die druk van die wêreld – in die tyd wat dit gaan lyk asof die satan finaal gaan oorneem – in dié tyd sal God se volk verlos word.
- Toestande sal so erg word dat God Mígael, sy engel, spesiale opdrag gee om die kerk te bewaar en te beskerm.
  - Soos wat die engele Jesus in Getsémané versterk het, so sal hulle ons met krag besiel.
  - Die Here Jesus Christus het juis hulle diens geweier sodat hulle tot ons beskikking kan wees as ons geloof beproef word.

Maar die dag van opstanding is ’n dag van geregtigheid.

- Almal sal opstaan – maar net dié wat tot die lewe opstaan sal deur engele omring word.
- Die res sal tot die dood opstaan.

Dit is waarom die Here Jesus Christus uit die dood opgestaan het.

- In die eerste plek sekerlik sodat Hy die ewige lewe kan oopsluit vir dié wat in die boek opgeskrywe is.
- Maar ook om dié wat Hom verwerp het in die afgryselike van die dood in te stuur.

As ons glo dat die Here Jesus opgestaan het uit die dood, dan glo ons dat die laaste slag teen die antichris reeds gewen is.

- Dan is die profesie van Daniël in vervulling.

- Dan eers kan ons glo in die opstanding van ons eie liggame (vlees), waarvan Daniël profeteer.

Daniël beskryf die stryd tussen die Here Jesus Christus en die satan.

- Met die opstanding van die Here Jesus Christus is die beslissende slag gevel.
- Daarmee het die Here Jesus Christus aan die wêreld verseker dat Hy mag het oor lewe en dood.

Daarom is die opstanding van die Here Jesus Christus nie net 'n troos nie – dit behoort vir die ongelowiges 'n verskrikking te wees.

- Dit is 'n troos vir dié wie se name in die Boek staan
- Maar dis 'n verskrikking vir dié wat met die satan teen die Here Jesus Christus veg en geveg het.
  - Vir hulle wag daar onverbiddelik die dood . . . die verskrikking van die hel.

Niemand wie se naam opgeskryf staan in die Boek, het iets waarin hy self kan roem nie – hy kan alleen maar net verbaas wees en God dank dat sy naam in die Boek van die lewe staan.

Het u al gedink hoe troosteloos is ons lewens op die aarde?

**. . . in 'n oomblik, in 'n oogwink, by die laaste basuin; want die basuin sal weerklink, en die dode sal onverganklik opgewek word; en ons sal verander word.** (1 Korintiërs 15:52 AFR1953)

**. . . die wat in die stof van die aarde slaap, sal ontwaak, sommige tot die ewige lewe en sommige tot groot smaadheid, vir ewig afgryflik.** (Daniël 12:2 AFR1953)

Daniël het ongetwyfeld met groot vreugde geluister na die boodskap van groot verlossing – want hy was, soos ons, 'n verlose.

- Maar onmiddellik die vraag: Wanneer?
- Wanneer sal die dinge gebeur?

Dan antwoord die Here: **'n Tyd, tye en 'n halwe tyd.**

- Ons begryp nie die tyd van God nie, en Daniël het dit ook nie begryp nie.
- Daarom vra hy weer: “My Heer, wat is die uiteinde van hierdie dinge?” In Matteus 24:36 antwoord Christus op dieselfde vraag as Hy sê:  
**Maar van dié dag en dié uur weet niemand nie, ook die engele van die hemele nie, maar net my Vader alleen.** (Matteus 24:36 AFR1953)

Die boek Daniël eindig met 'n aansporing en 'n belofte:

**En jy, gaan heen na die einde; en jy sal rus en weer opstaan tot jou bestemming aan die einde van die dae.** (Daniël 12:13 AFR1953)

Dis 'n aansporing om die lewenstryd voort te sit tot op die laaste dag – om te volhard tot die einde toe.

- Die belofte is 'n aansporing dat ons aan die einde van die dae aandeel in die erfenis van die heiliges sal verkry.
- Daarom moet ons lewe in dieselfde teken staan.
- Mag God ons die krag gee om in die Naam van die opgestane Here Jesus Christus vas te hou aan die beloftes van God soos Hy dit in sy Woord aan ons gegee het.

Dan is die vraag van ons lewens nie **wanneer** nie, maar:

**U soek ek van ganser harte**

**HEER, hou U my hande vas,  
dat ek van u spoor nie dwaal nie  
en die kwaad my nie verras.**  
(Psalm 119:4b)

**Amen.**

Slotgebed

Wees ons genadig, Here, seën ons oorvloedig. Koester ons met die liefdegloed van U aangesig. Om Christus wil.

**Amen.**

Slotpsalm 68:1, 9 (330)

- 1 Die HEER sal opstaan tot die stryd; / Hy sal sy haters, ver en wyd, / laat wegvlug voor sy oë.  
Hoe hoog die mens se trots mag gaan, / hy sal geen oomblik kan bestaan / voor God se alvermoë.  
As U, o HEER, in mag verskyn, / sal hul soos rook en damp verdwyn, / deur stormwind voortgedrewe.  
Soos was wat smelt voor hitte en vuur, / het almal voor Gods glans geen duur / wat goddelooslik lewe.
- 9 Geloofd sy God met diep ontsag, / want Hy oorlaai ons dag aan dag / met ryke seëninge.  
Wie sou Hom dan nie dank bewys, / die God van saligheid nie prys, / met al die hemelinge?  
Dié God van volle saligheid / versterk ons in die dag van stryd / en dra ons deur die lewe.  
Hy kan en wil en sal in nood, / selfs as ons sidder vir die dood, / volkome uitkoms gewee.

Aflegging van belydenis van geloof

Psalm 134:4 (p. 653)

- 4 Laat, HEER, u seën op hul daal, / u guns uit Sion hul bestraal!  
U wat beveel en – dit geskied, / wil, HEER, u seen oor hul gebied!

Die HERE sal jou seën en jou behoed;

Die HERE sal sy aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees;

Die HERE sal sy aangesig oor jou verhef en aan jou vrede gee.

**Amen.**

Dr MJ du Plessis  
Gereformeerde Kerk Bellville  
Datum: 18 Oktober 2009 Geloofsbelydenisaflegging